Die koste van dissipelskap

Lukas 14:25-33

Inleiding

- Als kos iets.
    - Baie mense wil fiks wees, ... maar min mense wil oefen
    - Baie wil ryk wees, maar min wil spaar
    - Baie wil ‘n naby verhouding met Jesus hê, en ‘n gesonde geloofsgemeenskap
        - ...maar min wil Jesus regtig volg.

- ‘n Sleutel vir Trinitas se omkeer as geloofsgemeenskap is ons dissipelskap van Jesus.
    - Dit beteken dat Jesus soos die mentor van ’n vakleerling
        - jou onder sy vlerk wil neem en jou touwys wil maak oor die lewe.
    - Ons het verlede week goeie nuus ontdek
        - Dat Jesus enige iemand van enige plek as sy dissipels verwelkom.
        - En dat ‘n dissipel iemand is wat luister én lewe.

- Wat ons vandag ontdek is dat Dissipelskap iets kos.
    - Daar is regte egte moeite en opoffering voor nodig.

- Jy sien, genade is dalk gratis, maar dissipelskap nie.
    - Die prys om as kind deur Jesus aangeneem te word in sy gesin
        - is klaar betaal deur Hom aan die kruis,

- maar om nou werklik as een van sy kinders te leer lewe... kos jou baie.

- Dis 'n boodskap wat baie duidelik is as ons vandag terugdink aan die Hervorming:
  - Manne soos Luther en Calvyn het weer ontdek dat God se genade in Jesus gratis is
    - Maar om gehoorsaam aan daardie Christus hom as dissipels te volg
    - Het hulle baie gekos.

- Hierdie boodskap is in hierdie sin bietjie ongemaklik
  - Jesus dwing jou om 'n paar dinge te oorweeg.
  - Almal wil die omkeer van Trinitas hê,
    - maar is ***jy*** bereid om daarvoor te betaal?

- Kom ons hoor Jesus se woorde hieroor. [Lees Lukas 14:25-33]

Agtergrond

- Mense het Jesus nou al geken
  - en 'n groot klomp het ook saam met Jesus gereis.
    - As Jesus aanbeweeg het na die volgende dorp het hulle ook agterna gestroom.
    - 'n Hele tros aanhangers.

- Maar Jesus het geweet hulle is net aanhangers... nie volgelinge nie.
  - Hulle loop agter Jesus aan om
    - saam met hom gesien te word,

        - nog wonderwerke te beleef
        - of om dalk self iets daaruit te kry...
    - maar nie omdat hulle belangstel om soos Jesus te raak nie.

- Sien, 'n aanhanger hou net van die idee.
    - Toe ek bv. 16 was, het ek my skoolboeke oorgetrek met prentjies uit die ZigZag Surfing tydskrif.
    - Ek het selfs op 'n stadium 'n surfboard gekoop en probeer.
    - Maar ek het nooit regtig gesurf nie.
    - Die moeite en waagmoed wat dit sou kos was te veel vir my.
    - Ek was uiteindelik net 'n aanhanger.

- As jy net die vorige stukke van Lukas lees kom jy agter dit was nogal 'n tema gewees vir 'n paar dae.
    - Is die wat gered word eintlik min [13:23]?
    - Wie is nou eintlik belangrik in Jesus se oë [14:7-14]?
    - Wie gaan eendag deelneem aan die groot fees in God se koninkryk [14:15].

- Dis 'n goeie vraag om jouself ook af te vra:
    - Jesus het baie aanhangers, ...maar wie volg Hom regtig!?

- Dis in hierdie klimaat dat Jesus op 'n stadium omdraai en die harde 'awkward' feite met sy aanhangers deel:

"As iemand na My toe kom, kan hy nie my dissipel wees nie tensy hy afstand doen van sy eie vader en moeder en vrou en kinders, en broers en susters, ja, selfs van sy eie lewe. [27]Iemand wat nie sy eie kruis dra en agter My aankom nie, kan nie my dissipel wees nie."

- Die harde feite is dit:
  - Jesus se genade is gratis...
  - ...maar om werklik 'n dissipel / vakleerling van Jesus te wees
    - sodat Hy jou leer hoe jou bestaan in Vanderbijlpark en Trinitas werklik werk,
    - kos baie.
- Jy gaan net as vakleerling kan vorder as jy die prys betaal.

- En dis hoogtyd dat Christene in Suid-Afrika, in die GKSA en in Trinitas vandag oor hierdie saak moet praat:
  - die koste van Dissipelskap!

Die koste

- In hierdie gedeelte sien ons drie dinge wat dit jou gaan kos om Jesus as vakleerling te volg:

  - Jou verhouding met ander mense [v26]
  - Jouself [v27]
  - Jou besittings [v33]

- Beteken dit dat om Jesus te volg jy niks van daardie dinge mag hê nie?
    - Nee, kom ons kyk mooi na elkeen:

- Ander mense.
    - Jesus wil net hê jy moet baie duidelik weet dat
        - om jou lewenstyl en keuses agter Hom aan te stuur,
        - gaan jou soms jou verhouding kan kos met mense vir wie jy baie lief is.
    - Soos wat 'n groep vriende snaaks maak met 'n pel wat 'n meisie kry en nou skielik net tyd vir haar het,
        - só gaan mense verwerp voel en met jou lelik maak
        - omdat Jesus nou die beste van jou tyd en aandag kry.
    - Maar as jy nie vir hulle 'nee' kan sê nie, gaan jy nie vir Jesus 'ja' kan sê nie.
        - Jy gaan net kan gaan waarheen Jesus jou wil vat as jy elke ander menslike verhouding gesit het op die plek waar dit hoort: 2de.
        - Wat hulle wil hê en wat Jesus gaan wil hê, gaan soms met mekaar bots en jy gaan nie al twee kan hê nie.
- Om te vorder as vakleerling gaan jou verhoudinge kos.

- Tweede: Jouself.
    - Jesus wil seker maak dat jy baie goed weet dat
        - om gehoorsaam te doen wat Hy vra nie noodwendig vir jou ook 'n voordeel sal hê

soos wat Joel Osteen en Joyce Meyers dit soms wil laat klink nie.
        - Daar is party mense wat sê:
            - God wil net vir jou goeie en voordelige dinge hê.
            - Gehoorsaam God en Hy sal jou dubbel terug seën
    - Maar as Jesus hier sê dat
        - jy jouself moet verloën,
        - jou kruis opneem en Hom volg
            - – sê Hy juis die teenoorgestelde.
            - ...dat jy jouself moet indoen...

        - Dit gaan jou soms jou gunsteling TV-program kos want jy moet gehoorsaam aan Jesus êrens anders wees,
        - Dit kos jou die eer en erkenning vir jou insette in die gemeente, want jy trippel nie voor almal rond om jou raak te sien nie.
        - Iemand vir wie jy iets goeds gedoen het, steel toe by jou.
    - Om jouself 2de te sit kos jou soms. Punt.
        - Sonder dat Jesus dit êrens vir jou gaan opmaak.
- Om te vorder as vakleerling gaan jou jouself kos.

- Derdens: jou besittings
    - Dit moet duidelik wees vir elkeen wat belangstel om 'n dissipel van Jesus te wees dat
        - nie een van jou besittings buite Jesus se jurisdiksie val nie.

        - Jesus behou die reg voor om enige iets wat Hy in die eerste plek vir jou gegee het,
            - te eis, gebruik of te verbruik as deel van jou opleiding.
        - Êrens langs die pad gaan jou 'ja' om Jesus te volg dalk
            - 'n 'nee' beteken vir nuwe klere.
            - Nee, vir 'n nuwe kar.
            - Nee, vir DSTV.
            - Nee, vir jou stokperdjie.
        - Jy gaan iets moet weggee, spandeer of iets gaan gevat word –
            - als deel daarvan om by Jesus te leer hoe om werklik te lewe.
- Om te vorder as vakleerling gaan jou, jou besittings kos.

- Dissipelskap kos verhoudinge, jouself en jou goeters.
    - Ongelukkig, sodra hierdie dinge bedreig word deur 'n situasie waarop jy afstuur
    - swaai jy daarvoor uit soos vir 'n slaggat in die pad
    - die Here kan sekerlik nie dít van jou vra nie?!.

- Wat kos hierdie goedkoop plastiek weergawe van Christenskap jou?
    - Baie moontlik niks.
    - Dit kos jou waarskynlik nie moeite nie...
    - en moontlik ook nie werklik tyd nie.
    - Of nadenke, of sorg, of bekommernis, of leeswerk, of bid, of selfopoffering, of konflik, of harde werk van enige soort nie.

- Dit kos niks, ... én dit bring jou nêrens nie.

- Jesus soek nie aanhangers nie, Hy soek volgelinge.
    - Dis hulle wat werklik verander...
    - en dan hulle omgewing wat verander...
    - en dan mense verstom laat oor God.

Oorweeg die koste

- Daar is eenvoudig 'n verskil tussen aanhangers... en volgelinge.

- Jesus is besig om vir ons vandag die verskil te verduidelik
    - en ons te dwing om diep in onsself te oorweeg watter een ons is.
        - Daar is 'n oorweging wat in ons harte moet gebeur.
        - 'n Toets. 'n Opweeg. 'n Evaluering.
    - Soos in die twee stories wat Jesus vertel.

- Die ou wat die toring bou
    - moet mooi sy somme maak anders het hy homself geflous tot sy eie skaamte.
    - Hy het gedink hy is besig met iets... toes daar aan die einde niks.
    - Jy kan dink jou uur op 'n Sondag is iets... maar dalk is dit aan die einde niks.
    - Aan die einde het niks van Jesus se beeld in jou gegroei nie
        - en het jy niks om vir jare se Christen aktiwiteit te wys nie.

- Die Koning wat nie eerlik is oor sy min krag en onvermoë nie,
    - loop toe-oë in 'n gemors in.
    - Plaas kom hy dit betyds agter en maak 'n beter plan.

- Aanhangers van Jesus moet êrens in hulle binneste eerlik oorweeg
    - of hulle volgelinge van Jesus *kan* wees.
    - En jy kan net die prys betaal,
        - net 'nee' sê vir verhoudinge, jouself of stuff,
    - as die rol wat daardie dinge tipies in ons lewens speel
        - vervang is deur Jesus.

- Vriende en familie laat mens voel na iets.
    - Maar wat as jy deur vertroue in Jesus se bloedoffer weet jy is nou uiteindelik iets?
- Om aan jouself 1ste te dink is hoe jy oorleef.
    - Maar wat as jy aanvaar het dat jou oorlewing meer van Jesus se dood en opstanding afhang?
- Besittings bring gemak en bewondering.
    - Maar wat as Jesus jou oortuig het dat daar meer waardevolle dinge is as gemak en bewondering?

- Jy sien... die groot oorweging waarvan Jesus hier praat
        - is tussen verhoudinge, jouself en besittings in die een hand

        - en die Seun van die lewende God in die ander.

    - Jy gaan net 'nee' kan sê vir die een klomp,
        - nadat jy werklik jou hart verloor het op die prag van die evangelie
            - – die nuus dat dié Jesus wat hier praat –
        - dae later aan die kruis 'nee' gesê het vir verhoudinge, Homself en besittings ter wille van 'n iemand soos jy.

Slot

- Genade is gratis. Om Jesus te volg gaan Trinitas kos.

- Jy kan Hom nie volg en werklik deur Hom geleer word oor die lewe
    - as jy nie 'nee' kan sê vir mense verhoudinge, jouself of besittings nie.

- ***Jy*** moet opweeg.
- Dalk is dit tyd vir jou om regtig aandag te gee aan die weegwerk
    - Met Jesus in die een hand en die res in jou ander hand
    - sodat jy kan verander van aanhanger na volgeling.

Amen

Griffel van Wyk
Trinitas
26 Oktober 2014